Geliefde Lourensrivierder

Dit voel soos gister toe ons vir mekaar Geseënde Nuwe Jaar toegewens het, en nou het die laaste asemteug van die 1ste kwartaal al weer aangebreek!!
Gister gesels ek met iemand wat sê hy is so moeg vir die "ek-moet-dit-doen-anders" goeters in ons lewe..... Ek MOET gim toe gaan, want ek MOET ekstra Discovery punte verdien vir 'n gratis smoothie en goedkoop vlugte..... "Iets" is besig om ons lewens en besluite te reël en ons voel nie meer in beheer nie..... Mag jy gedurende hierdie skoolvakansie, waar dinge vir 'n wyle rustiger raak vir sommiges, jouself 'n tydjie afgee, sonder om "moet-goeters" te doen. Doen iets sommer net vir die lekkerte en omdat jy KAN. Dans 'n "happy" dans, eet Peanut Butter uit die pot sodat jou tong aan jou verhemelte vasklou, sing uit volle bors en lag uit jou maag! Want jy KAN.... https://www.youtube.com/watch?v=ArLFZeFvnCE
Ons gebede vergesel elkeen wat met vakansie gaan en op die paaie sal wees. Kom veilig terug volgeprop met vrede en vreugde en 'n "happy" dans in jou hart vir die volgende kwartaal met al die "ek-moet-dit-doen-anders" goeters....

**NUUSKRUMMELS: 30/03/2017**

**NUUS UIT DIE KERKKANTOOR**

**Bybel in kerk agtergebly:**

**APRIL RIVIERTJIE NOU BESKIKBAAR OP ONS WEBWERF:**
**Skakel:**
http://www.lourensrivier.co.za/images/2017dokumente/Riviertjie%20201704.compressed.pdf

**NUUS UIT DIE GEMEENSKAP**

**STRAND DIENSSENTRUM, H/V DE VILLIERS & KERKSTR**
PANNEKOEK: WOENSDAG, 5 APRIL 2017
TYD: 10:00 - 12:00 (3 VIR R15.00
Bespreek teen Maandag 3 April 2017
Tel: 021-854 4552 (Skakelbord oop: 8.30 - 12.30)

U ONDERSTEUNING SAL WAARDEER WORD!!

**"HUMAN TRAFFICKING" BEWUSMAKINGSOGGEND:**
Ons A21 South Africa Facebook blad: https://www.facebook.com/A21SouthAfrica/?ref=bookmarks



**HUIS PAM BRINK hou PAASMARK !!**
Tafelverkope open Woensdag, 5 April 2017.
Verskeidenheid paas gerigte kunswerke te koop, Koekies, Lekkergoed verskeidenheid, Beskuit, Konfyt, Ingelegde produkte en nog vele meer.

Maandag, 10 April 2017 : Teekamer om 10:00
Kom geniet 'n koppie tee en heerlike verskeidenheid soet- en soutigheid, gebak deur ons dames.

Dinsdag, 11 April 2017 : Spek en Eierbroodjies @ R15.00 elk
Kom kry u ontbyt by ons teen R15.00 per broodjie. Vir afhaal vanaf 8:00.

Woensdag, 12 April 2017 : Kerrie Vis en Tuisgebakte brood
Heerlike Kerrievis te koop teen R30.00/500ml bakkie asook Tuisgebakte brode teen R15.00 elk.

Donderdag, 13 April 2017 : Poeding @ R8.00 en Trifle @ R10.00
Lekker outydse basaarpoeding (R8.00 per bakkie) en trifle (R10.00 per bakkie). Vir afhaal vanaf 10:00.

Bestellings kan geplaas word by Christine (021) 854 4579.

**Neem asseblief kennis van die Inspirasie Ontbyt vir Gelowige Vroue wat op 1 April, om 10:00 by Skilpadvlei gehou gaan word.**

Kaartjies kos R150 en is by Wilinda 073 981 3372 beskikbaar. Bring kontant vir die stalletjies.

Daar sal ook 'n fotohoekie wees waar dames saam met die sprekers afgeneem kan word. Die foto's sal dadelik beskikbaar wees.

**BERG 80: MAART VERJAARSDAE:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Brand | Rensche | 03/01 | 80 |
| Warner | John | 03/04 | 85 |
| Luyt | Norman | 03/05 | 85 |
| Treurnicht | Nel | 03/07 | 92 |
| De Villiers | Retha | 03/12 | 88 |
| Huysamen | Flip | 03/13 | 84 |
| Kuhn | Chresna | 03/13 | 83 |
| De Lange | Emmie | 03/30 | 89 |

## GELUKWENSING:

**Gideon en Wena Henning sal op 6 April 60 jaar getroud wees!**

**Gideon het ook die eerste sooi van ons Kerk gespit toe dit gebou is.**

## KNIEWERK:

- Ons bid vir buite seisoenale reën en volkome toewyding aan Jesus Christus, ons Here
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Vosloo
- Carel Smit in hospitaal met bloeding op die brein
- Robert Jardim vir gesondheid en volkome herstel na operasie
- Hammie en Norma Lategan se dogter,Liezel, vir haar gesondheid

## FOKUSTEKS VAN WEEK: JOH 9:1-45

**VYFDE WEEK IN LYDENSTYD:**

Martha se nagmerrie het waar geword.... Jesus, die Geneesheer, het te laat in Betanië aangekom om haar broer, Lazarus, te red. " 'Here,' het Martha vir Jesus gesê, 'as U hier was, sou my broer nie gesterf het nie.'.... Jesus het vir haar gesê, 'Jou broer sal weer opstaan' " (Joh 11:21-23).

Dit is leë gepraat vanaf een sterweling tot 'n ander. Maar daardie woorde het vanaf Jesus gekom, Here en Meester oor sonde, siekte, dood en die hel. Sy opstanding het aan Hom die krag en outoriteit gegee om die dood om te keer. Hy het daardie krag gedemonstreer by Lazarus se graf deur die dooie man te beveel om uit te kom en te leef. Daardie herstelde dooie man is 'n demonstrasie model van wat Jesus op 'n groot skaal aan die einde van tyd gaan doen.

- Willem Botes –

Vraag is: wat het die skrifgedeelte my as individu geleer en op watter manier gaan dit my denke verander/vernuwe.... hoe ek leef....

Hierdie gebeurtenis moet vir elkeen ń persoonlike boodskap inhou.....
As ek die Woord lees sonder dat dit iets in my daagliks verander/vernuwe (deur die Heilige Gees), is dit net nog ń boek wat ek lees..... Laat Sy heerlikheid ook daagliks deur ons gestalte kry....

Hierdie liedjie gaan oor wat gebeur as ons toelaat dat God se LIEFDE en HEERLIKHEID deur ons sigbaar word.....

TobyMac - Love Broke Thru
https://www.youtube.com/watch?v=44l9PRI4c2M

Jackie@Lourensrivier
**OORGEE, OMGEE, AANGEE**